

Tegnologie en morele opbou

Technology and moral regeneration

MOLLIE PAINTER-MORLAND

Universiteit van Pretoria, DePaul University, Chicago
mpainter@postino.up.ac.za



M Painter-Morland



Calie Pistorius

CALIE PISTORIUS

Universiteit van Pretoria
pistorius@up.ac.za

MOLLIE PAINTER-MORLAND is sedert 2004 medeprofessor in Filosofie by DePaul Universiteit en mededirekteur aan DePaul Universiteit se Instituut vir Besigheids- en Professionele Etiek. Sy is deelyds medeprofessor aan die Universiteit van Pretoria en nie-uitvoerende Direkteur van die UP Sentrum vir Sake- en Professionele Etiek. Haar navorsing fokus op die impak van kontinentale filosofie op besigheidsetiek, en die ontwikkeling van alternatiewe benaderings tot etiekbestuur in organisasies

MOLLIE PAINTER-MORLAND joined DePaul University in 2004 as Associate Professor of Philosophy and Associate Director of DePaul's Institute for Business and Professional Ethics. On a part-time basis, she continues her teaching and research in South Africa, where she serves as Associate Professor of Philosophy at the University of Pretoria and non-executive Director of its Centre for Business and Professional Ethics. Her research focuses on bringing the insights of continental philosophers to bear on issues in business ethics, and developing some alternative approaches to ethics management in organizations.

CALIE PISTORIUS is sedert Augustus 2001 die Visekanselier en Rektor van die Universiteit van Pretoria. Hy is ook die voorsitter van die Nasionale Adviesraad op Innovasie (NACI). Voorheen was hy die Dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie, Hoof van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, Direkteur van Inligtingtegnologie en Direkteur van die Instituut vir Tegnologiese Innovasie by dieselfde universiteit. Hy het baccalaureus- en honneursgrade in elektroniese ingenieurswese van die Universiteit van Pretoria (albei cum laude) in 1979 en 1981 onderskeidelik behaal, meesters- en doktorsgrade in elektriese ingenieurswese van die Ohio State University in 1984 en 1986 onderskeidelik, en 'n meestersgraad in die bestuur van tegnologie by die Massachusetts Institute of Technology in 1994. Hy is ook 'n alumnus van die Harvard Business School. Hy is geregistreer as professionele ingenieur in Suid-Afrika, Lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Lid van die *Academy of Science of South Africa* (ASSAf), Genoot van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Ingenieurs (SAAE), Genoot van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Elektriese Ingenieurs (SAIEI), Genoot van die *Royal Society of South Africa* (RSSAf) en 'n senior lid van die *Institute for Electrical and Electronics Engineers* (IEEE).

CALIE PISTORIUS is the Vice-Chancellor and Principal of the University of Pretoria, a position he has held since August 2001. He is also the chairperson of the National Advisory Council on Innovation (NACI). Previously he was the Dean of the Faculty of Engineering, Built Environment and Information Technology, Head of the Department of Electrical and Electronic Engineering, Director of Information Technology and Director of the Institute of Technological Innovation at the same university. He obtained bachelors and honours degrees in electronic engineering from the University of Pretoria (both cum laude) in 1979 and 1981 respectively, masters and doctoral degrees in electrical engineering from the Ohio State University in 1984 and 1986 respectively, and a masters degree in the management of technology from the Massachusetts Institute of Technology in 1994. He is also an alumnus of the Harvard Business School. He is registered as a professional engineer in South Africa, Member of the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Fellow of the South African Academy of Engineers (SAAE), Fellow of the South African Institute of Electrical Engineers, (SAIEE), Fellow of the Royal Society of South Africa (RSSAf) and a senior member of the Institute for Electrical and Electronics Engineers (IEEE).

ABSTRACT***Technology and moral regeneration***

This paper explores the relationship between technology and moral regeneration. The first question we confront is whether technology can be described as value-neutral. If it can be described as such, it functions as a neutral tool that can be used for either good or evil. The paper points towards an alternative understanding of technology, informed by Heidegger's "The question concerning technology". Within this understanding, technology in itself is value-laden, i.e. the mere existence of certain technological devices enables a certain way of living and makes certain alternatives impossible. As such, modern technology entails the danger of threatening the essence of humankind, which is to poetically enable the revealing of truth. Technology does, however, also contain a saving power, which resides in its capacity to allow human beings to remain the site where new truth can emerge.

KEY CONCEPTS: Technology; Heidegger; revealing of truth; moral regeneration

TREFWOORDE: Tegnologie; Heidegger; onthulling van waarheid; morele opbou

OPSOMMING

Hierdie bydrae bied 'n refleksie op die verband tussen tegnologie en morele heropbou. Die moontlikheid dat tegnologie waarde-neutraal is, word ondersoek. 'n Alternatiewe beskouing, wat tegnologie as op sigself waarde-belaaid beskou, word aangebied. Daar word aangedui dat moderne tegnologie sekere essensiële aspekte van outentieke menswees kan ondermyn. Instrumentele oorwegings soos spoed, bekostigbaarheid en gerief ontnem die mens van die meer poëtiese vermoë om waarheidsontsluiering te fasiliteer. Die reddende krag waaroor tegnologie kan beskik, kom na vore wanneer dit laasgenoemde moontlik maak.

1. INLEIDING

Nadenke oor die implikasies wat tegnologie mag hê vir morele heropbou, bied die geleentheid vir 'n interessante gebeurte. In die eerste plek bied dit die geleentheid om die interaksie tussen twee afsonderlike dissiplines te ondersoek. Dit bied egter ook 'n verdere uitdaging, naamlik die ontwikkeling van insig in hoe dissiplines wedersyds mekaar se aard beïnvloed. Die uitdagings strek dus verder as 'n paar voorstelle rondom samewerking. Dit noop ons tot die ontwikkeling van insig in dit waarmee ons onself werklik binne verskillende dissiplines besig hou. Is tegnologie die eksklusiewe speelveld van die ingenieurs en die morele die rowwe terrein wat alleenlik vir die filosofie beskore is? Gewis nie. Ons gevolgtrekking is dat insig in wat ons te doen staan rondom morele opbou in Suid-Afrika, juis die interaksie noodsaak.

Ten einde ons tema beter te verstaan, is dit nuttig om duidelikheid te kry oor 'n paar sentrale terme. 'n Mens sou "moraliteit" kon beskryf as die geheel van heersende norme en waardes in die samelewing. "Waardes" word deur Frederick (1995:16) beskryf as "enduring beliefs that certain modes of behaviour and states of existence are preferable". Die tema "tegnologie en morele opbou" veronderstel dat ons heersende norme opnuut opgebou, herstel of versterk moet word. Die tema veronderstel verder 'n verband tussen tegnologie en hierdie proses van morele opbou. As ons moraliteit beskryf as die geheel van heersende waardes in 'n samelewing, moet ons onself afvra wat presies die verband is tussen tegnologie en "waardes", hierdie blywende voorkeure vir 'n sekere manier van leef en optree. Op hierdie wyse kan ons naspur hoe tegnologie sou kon bydra tot die morele heropbouproses in Suid-Afrika.

Die eerste belangrike vraag wat vervolgens aan die orde kom, is wat die aard van die verband tussen tegnologie en waardes is, en hoe dit gemanifesteer word. Sou 'n mens tegnologie kon

beskryf as 'n neutrale instrument wat bloot deur die mens vir beide goed en kwaad aangewend kan word? Of sou 'n mens kon argumenteer dat tegnologie self waarde-belaaid is?

Sonder om 'n oordeel te vel oor watter een van hierdie twee perspektiewe die juisste beskrywing van die wisselwerking tussen tegnologie en waardes binne die samelewing is, gaan daar ondersoek ingestel word na die implikasies van beide perspektiewe. As 'n mens sou argumenteer dat tegnologie neutraal is, sou dit beteken dat die heersende norme en waardes in die samelewing bepaal hoe tegnologie aangewend word. Tegnologie kan dus positief of negatief aangewend word, afhangende van die norme en waardes wat in die samelewing geld. Genetiese manipulasie kan byvoorbeeld positief aangewend word om oorerflike siektes te vermy, of dit kan van goeie gene 'n kommoditeit maak wat die bevoorregtes in die samelewing verder bevoordeel en die gaping tussen ryk en arm vergroot.

As 'n mens egter van die standpunt af uitgaan dat tegnologie self waarde-belaaid is, sou 'n mens moes toegee dat tegnologie ook samelewingsnorme kan medebepaal. Soos Horkheimer en Adorno (1972) in hulle "*Dialektiek van die Verligting*" vir ons duidelik gemaak het, is die mens nie noodwendig altyd die subjek van die geskiedenis en die skepper van objekte en kategorieë nie. Die wêreld wat die mens skep, en die objekte en kategorieë wat deur sy/haar betekenisgewende aksies tot stand kom, maak die mens weer tot objek. Die mens maak wel aanvanklik die tegnologie, maar uiteindelik maak die tegnologie ook die mens.

Die twee verskillende perspektiewe gaan vervolgens ontgin word ten einde ons 'n blik te bied op die wyse waarop tegnologie 'n rol kan speel in morele heropbouproses.

2. TEGNOLOGIE AS WAARDE-NEUTRAAL

As 'n mens tegnologie sou vergelyk met 'n ander menslike middel, soos byvoorbeeld geld, word dit duidelik wat met waarde-neutraliteit bedoel word. 'n Mens sou kon argumenteer dat geld nie op sigself 'n morele waarde dra nie. Geld word deur mense aangewend en is uiteraard dus nie inherent goed of sleg nie. Die verantwoordelikheid vir die goeie of slegte gebruik daarvan lê by mense wat besluite maak oor hoe geld aangewend word. Dieselfde beginsel sou vir tegnologie kan geld. Die drywer vir die goeie of slegte gebruik van tegnologie is dus die mens se eie morele verwysingsraamwerke. Mense maak daaglikse besluite oor die verspreiding van tegnologie, die prys daarvan, die wyse waarop dit toegepas word en die grense wat daaraan gestel moet word.

Die rede waarom hierdie besluite so 'n groot impak op 'n samelewing kan hê, is die feit dat tegnologie die mens se intervensies versterk, verdiep en verbreed. Waar die ontwerp van die swaard die mens in staat gestel het om 'n ander persoon meer effektief om die lewe te bring, het die atoombom die mens in staat gestel om miljoene deur middel van die druk van 'n knoppie om die lewe te bring en selfs die menslike spesie as geheel in gevaar te stel.

Tegnologie vergroot ook die spektrum van menslike keuses. Die mens het nou meer beheer as ooit oor ingrypende keuses rondom lewe en dood, kwaliteit van lewe en die gepaardgaande inrigting van leefwêreld. Keuses word ook meer kompleks omdat die opsies vermenigvuldig word en die gevolge van die keuses nie eenduidig en glashelder is nie. In hierdie situasie word dit nog belangriker dat die mens met groot omsigtigheid sal omgaan met die aanwending van tegnologiese middele.

'n Mens moet ook bewus wees van die feit dat tegnologie in sekere opsigte ons menslike keuses kan beperk. Byvoorbeeld, die virtuele persona wat van 'n mens geskep kan word deur middel van aanlyn-koopgewoontes bied gewoonlik 'n baie selektiewe en dikwels skeefgetrekte prentjie. Ongelukkig word hierdie "persoon" uiteindelik die een waartoe voornemende werkgewers, versekeringsmaatskappye en mediese fondse toegang het en wat dus beroepsmoontlikhede direk kan beïnvloed. Die groot debat rondom die wenslikheid van e-posmonitering bring ook insig in die

gevaar van die skending van privaatheid deur middel van tegnologie. Een van die ingrypendste wyses waarop tegnologie die mens se keuses kan beperk, kan gevind word in ontwikkelinge rondom genetiese manipulasie, waardeur die individu se talente en dus selfs beroepskeuse reeds voor geboorte bepaal word.

Die groot uitdaging wat dus vanuit die perspektief van waarde-neutraliteit aan die mens gerig word, is dat heersende norme en waardes sodanig versterk en ontwikkel moet word dat dit die mens in staat sou stel om die toenemend gevaarlike morele terrein wat deur die ontwikkeling van tegnologie geskep word, te navigeer. Die vraag wat egter nou na vore tree, is of die mens in staat is om hierdie morele vlugvoetigheid te ontwikkel? As ons erken dat daar tans 'n verval van morele waardes in die samelewing is, hoe kan ons waarborg dat die mens se waardestelsels die uitdaginge wat deur die snel-ontwikkelende tegnologie daaraan gestel word, die hoof kan bied?

Hierdie vrae word selfs meer kompleks as 'n mens die implikasies van die tweede perspektief op die verhouding tussen tegnologie en waardestelsels oorweeg. As tegnologie inderdaad nie geheel en al waarde-neutraal is nie, maar self waarde-belaaid is, is die mens steeds in staat om volledig onafhanklik en selfbeskikkend oor die morele gebruik van tegnologie te oordeel? Tegnologie gee reeds 'n aanduiding van wat ons as belangrik beskou. Dit gee uiting aan ons begrip van wat 'n "goeie lewe" is, en bepaal dus dikwels ons prioriteite. Die bewuswording van die wyse waarop tegnologie reeds ons leefwêreld en ons sin van wat moontlik is binne hierdie ruimte beïnvloed, problematiseer die beskikbaarheid van 'n posisie van "objektiewe oordeel" oor wat die grense van tegnologie moet wees en hoe dit gebruik moet word. As besluitnemende agente is ons reeds ingebed in tegnologie en tot 'n groot mate verknog aan die prioriteite wat dit vergestalt. Dit word dus noodsaaklik om die verhouding tussen ons eie agentskap en ons tegnologiese beskawing behoorlik te deurdink.

3. TEGNOLOGIE AS DIE DRAER EN INSTANDHOUER VAN WAARDES

"The essence of technology, as a destining of revealing, is the danger."
– Martin Heidegger

In sy opstel "*The Question Concerning Technology*" bied Martin Heidegger (1977a:29) aan ons 'n belangrike perspektief op die wese van tegnologie. Volgens Heidegger is tegnologie die wyse waarop ons die wêreld waarin ons as mense geworpe is, laat manifesteer. Tegnologie is deel van die mens se betekenisstigende aktiwiteit en onthul dus die werklikheid deur middel van hierdie aktiwiteit. Ongelukkig is enige ontsluiting/onthulling, terselfdertyd 'n versluiting. Die rede hiervoor is dat die grepe wat die mens deur middel van hierdie betekenisstigende aktiwiteit maak, maklik versterk en ander moontlikhede tot ontsluiting/onthulling uitsluit. Die gevolg hiervan is dat die mens se vermoë om verras te word, van plan te verander, en ook te herbesin oor reg en verkeerd, ondermyn word. As ons hierdie vermoë verloor, verloor ons ook die vermoë tot 'n werklik outentieke bestaan, en in effek ook ons vermoë tot 'n ware morele bestaan.

Heidegger is minder begaan oor die misbruik van sekere vorme van tegnologie as oor die distorsie van menslike natuur wat plaasvind as gevolg van 'n tegnologiese lewenstyl (Dreyfus & Spinosa 2003: 340). Heidegger verduidelik (1977a:31) dat ons menslike pogings om aan ons lewens vorm te gee, onself in te rig en aanhoudend te verbeter, dit onmoontlik maak vir 'n sekere kreatiewe gebeure om plaas te vind. Hierdie kreatiewe gebeure, of *poiesis*, kan alleenlik plaasvind as die mens sy of haar greep verslap en ruimte skep vir die onverwagse ontsluiting van waarheid.

Heidegger wys ons daarop dat 'n tegnologiese lewenstyl ons noop om alles om ons te objektiveer ten einde ons eie doelwitte te bereik. Ironies genoeg laat 'n wêreld waar alles opgaarbaar

en manipuleerbaar is ook nie veel speelruimte vir verskillende vorme van menswees nie. Voor ons dit weet, het ons eie slimigheid ons verslaaf aan 'n lewenstyl waaruit ons nie maklik kan vrykom nie. Ons kan dus baie maklik perspektief verloor op die feit dat tegnologie die wêreld skep waarin ons kinders gebore word. Die feit dat tegnologie struktuur, doel, en vorm gee aan die werklikheid waarbinne ons nageslag gaan funksioneer, hou as sulks beperkinge en geleenthede vir die mens in. Tegnologie funksioneer inderdaad as 'n vorm van geskiedenisoordrag. Vanuit hierdie perspektief is tegnologie dus nie iets "neutraal" nie, maar dra dit in sigself sekere idees oor die mens en die wêreld, sekere prioriteite, asook sekere magsbelange. Tegnologie word ontwikkel met 'n sekere intensie, en is daarom die ekstensie van 'n sekere groep in die samelewing se idees oor hoe die samelewing moet funksioneer. Tegnologie hou ook sekere sosiale strukture en gewoontes in stand of ondermyn dit.

'n Voorbeeld van waardestelsels wat deur tegnologie gekommunikeer word, is die aanklag wat teen byvoorbeeld e-pos ingebring word dat dit gesigloosheid en 'n gebrek aan respek vir persone in die hand werk. Levinas (1985:11) sou ons waarsku teen die morele gevare van 'n ondermyning van die nabye teenwoordigheid van die gesig van die ander. 'n Mens sou verder kan argumenteer dat e-pos maklik 'n daaglikse plig raak wat ander belangrike vorme van kommunikasie verdring. Dit word ook 'n ononderhandelbare kompetensie wat deur diegene wat nie daarmee gemaklik is nie as onbillik ervaar kan word.

Die wyse waarop tegnologie hierdie waardes kan aantast, kan ook geïllustreer word aan die hand van 'n projek wat geloods is om elektriese stowe aan plattelandse, tradisionele gesinne te verskaf. Die feit dat elektriese stowe nie die gesinstrukture en die sosiale funksie van die koolstoof in die lewe van tradisionele gesinne respekteer nie, het sekere sosiale waardes gekommunikeer wat nie vir daardie spesifieke gemeenskap aanvaarbaar was nie. 'n Mens sou die ander waardes wat daardeur gekommunikeer is, verder kon ontgin. Die feit dat elektriese stowe mense inburger in die kommoditeitsgedrewe kultuur waar daar duur vir energie betaal moet word, sou byvoorbeeld opgeweeg kon word teen die waarde van respek vir en bewaring van die natuurlike omgewing deur die uitskakeling van die gebruik van hout. Heidegger sou argumenteer dat die opweeg van twee belangrike waardes 'n sinlose oefening is wat gewoonlik beslis word deur wat ook al die mees effektiewe oplossing bied. In die proses word iets of iemand tot objek gemaak. Hy sou ons aanraai om eerder na te dink oor wat menswees behels en watter omgewing nodig is vir alle mense en dinge om tot hul reg te kom.

Menswees, vanuit Heidegger se perspektief, hou vernaamlik verband met ons vermoë om waarheidsontsluiters te wees. Heidegger dui aan dat elke tegnologiese ontwerp sekere moontlikhede skep vir die realisering van nuwe bestaansmoontlikhede om te manifesteer en vir waarheid om ontsluit te word. As sodanig, is die daarstelling van tegnologie poëties. Ongelukkig ondermyn moderne tegnologie van hierdie menslike vermoë, en tas dit dus ons outentieke menswees aan. Moderne tegnologie is vernaamlik begaan oor spoedeisendheid en gerief, en daar word selde in ag geneem dat hierdie instrumentele oorwegings ons in sommige gevalle die moontlikheid ontnem om alternatiewe vorme van bestaan te beskerm.

'n Mens sou byvoorbeeld moet nadink oor die feit dat die spoed en gerief wat elektriese toestelle bied ander prioriteite soos die instandhouding van sosiale bande en strukture begin oorskadu. Die gevaar wat Heidegger sou uitwys, is die verlies aan gemeenskap en praktyke. Hy gebruik spesifiek die voorbeeld van die belangrikheid van die familiemaal as 'n lokale gebeure wat 'n belangrike ruimte skep vir die onthulling van outentieke menswees. As 'n elektriese stoof die plaaslike gebeure van familie-interaksie om 'n koolstoof gaan elimineer, sou Heidegger besorg wees oor die feit dat ons ons menswees vir effektiwiteit verkoop het. Tegnologie kan alleenlik positief bydra tot ons menswees as ons in die regte verhouding daartoe te staan kom. Heidegger

verwerp nie alle vorme van tegnologiese lewenstyl wat ons beroof van ons vermoë om oop te wees vir 'n werklikheid wat buite om ons menslike grepe bestaan, en wat ons in die alledaagse kan verras.

Vir Heidegger (1977b:251) verloor norme en waardes, wat hulle ingebedheid in die plaaslike verruil vir absolute transendentale aansprake, die vermoë om die mens se outentieke bestaan te fasiliteer. Om iets as 'n "waarde" te verhef, is ironies genoeg om dit nie hoog genoeg te ag nie, want dit maak dit tot objek in diens van die mens se instrumentele agendas. Norme en waardes het alleen betekenis in soverre dit die temporaliteit, faktisiteit, partikulariteit en pluraliteit van menslike bestaan verdiskonteer, wat per definisie absolute aansprake uitsluit (Hatab 1995:407). Vir Heidegger het etiek vernaamlik te make met die skep van 'n lewensruimte waarin die waarheid as praktyk gemanifesteer word. Hy gryp terug na die Griekse gedagte van 'n etos, na etiek as 'n blyplek waarin die gepaste respons op medemens en praktyk spontaan gemanifesteer word (Heidegger 1977b:256).

Die vraag waarmee hierdie bewussyn van die waarde-belaaidheid van tegnologiese lewenstyl ons laat, is hoe tegnologiese morele heropbou ten beste kan versterk. In 'n sin bring dit ons weer terug by 'n tipiese hoender-eier situasie. Ten einde die waardes ingebed in tegnologiese krities te evalueer, moet ons 'n idee vorm oor watter waardes in die samelewing vir ons ononderhandelbaar sou wees. Hiervoor is etiese besinning op vele fronte nodig. Die hoender-eier situasie kom egter daarby in dat ons nie meer totaal neutraal kan staan teenoor heersende norme en waardes en dus "objektief" kan oordeel oor watter norme en waardes ons deur middel van tegnologiese lewenstyl versterk nie. Die rede daarvoor is dat ons deels reeds deur ons en ons voorvaders se tegnologiese grepe op die werklikheid bepaal word. Ons aanvaar sekere aspekte van hierdie werklikheid gewoon as vanselfsprekend. In vele huise is dit ondenkbaar om nie 'n TV te hê nie. Vir sekere mense is 'n sekere motor, selfoon en tuisapparate ononderhandelbaar. Ons het verlear om onself af te vra of televisie nie ons gesprekstyl met mekaar, en daarom ons menswaardigheid ondermyn nie. Ons vergeet om na te dink oor hoe selfone en e-pos persoonlike kontak 'n laer prioriteit kan maak. Ons oorweeg selde of 'n gerekenariseerde bestaan in Afrika nie dalk die kloof tussen inligtingsryk en inligtingsarm kan verskerp nie. Dit kom dikwels nie by ons op dat ander maniere van leef moontlik en dalk meer volhoubaar is nie. Dit blyk byvoorbeeld dat die prioriteit wat die besit van sekere tegnologiese kommoditeite, soos motors, selfone en ander geriewe tans in die Suid-Afrikaanse geniet, op sigself die dryfveer agter materialisme, radikale individualisme en gulsigheid geword het. As sulks, sluit dit die moontlikheid van 'n meer eenvoudige, altruïstiese lewenstyl uit.

4. TEN SLOTTE

Wat bied hierdie twee perspektiewe ons in terme van die rol van tegnologiese lewenstyl in die morele opbouproses? In die eerste plek bied ons bewuswording van die waardes wat deur tegnologiese kommunikasie en in stand gehou word aan ons die geleentheid om eties te reflekteer oor die prioriteite wat in ons samelewing ingebed is. Ons moet onself as teks inderdaad weer leer lees – met omsigtigheid, tydsaamheid en geduld. Hierdie self-assessering kan egter nooit plaasvind vanuit 'n posisie buite tegnologiese lewenstyl nie. Ons is wat ons gebruik. Ons lewens word omskryf, beskryf en selfs geskryf deur die tegnologiese middele wat ons daaglik aanwend om te leef en te kommunikeer.

As ons dit aanvaar, wat word dan van ons eerste voorneme, naamlik om die gebruik van tegnologiese lewenstyl op 'n normatiewe grondslag te evalueer? Kan insig in die invloed van tegnologiese lewenstyl op ons agentskap ons help om kreatief te soek na etiese vorme en toepassings van tegnologiese lewenstyl? Miskien tog. Ten minste as ons daarin kan slaag om ons menswees teen die verdinglikende effek van tegnologiese lewenstyl te beskerm; en as ons sekere praktyke, wat die lokale manifestering van die waarheid

bemiddel, jaloers beskerm. Heidegger sou ons aanraai om alledaagse dinge, soos om saam te eet en te drink, te sien as geleenthede wat ons menswees koester. Dit is per slot van sake ons menslikheid wat enige vorm van morele agentskap moontlik maak.

Ons kan hoop en raad put uit Heidegger (1977:28) se twee aanhalings van Hölderlin, wat altyd saam gelees moet word:

“But where danger is, grows

The saving power also”

En:

“...poetically dwells man upon this earth.”

Dit word alleenlik moontlik om die positiewe en die negatiewe gebruik van tegnologie te bedink as ons opnuut oorweeg wat dit beteken om mens te wees.

BIBLIOGRAFIE

- Dreyfus, H.L. & Spinoza, C. 2003. Further Reflections on Heidegger, Technology and the Everyday, *Bulletin of Science, Technology and Society*, 23(5): 339-349.
- Frederick, W.C. 1995. *Values, Nature and the American Corporation*. New York: Oxford University Press.
- Hatab, L.J. 1995. Ethics and Finitude: Heideggerian Contributions to Moral Philosophy. *International Philosophical Quarterly*, XXXV, 4(140): 405-417.
- Heidegger, M. 1977a. *The Question Concerning Technology and Other Essays*. London: Harper Torchbooks.
- Heidegger, M. 1977b. Letter on Humanism, In: Krell, D. J. (ed.) *Basic Writings*. New York: Harper Row
- Horkheimer, M. & Adorno, T. 1972. *Dialectic of Enlightenment*. New York: Herder and Herder Inc.
- Levinas, E. 1985. *Ethics and Infinity*. Pittsburgh: Duquesne University Press.